

4

DIE WOESTYNTOG

God sorg vir ons

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle elke dag op die Here moet vertrou.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dit is God wat alles voorsien wat ons nodig het.

Gesindheid

Die kinders moet –

- elke dag op God vertrou.
- tevrede wees met dit wat hulle van God ontvang.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- God elke dag dank omdat Hy vir hulle sorg.
- voorbeelde kan noem van hoe God vir hulle sorg.

MEER INLIGTING (Eksodus 16)

Lank gelede het die volk van God vir 'n lang tyd in Egipte gewoon. Die koning van Egipte – hulle het hom die farao genoem – het hulle baie hard laat werk. Hulle het baie swaar gekry. God was jammer vir hulle en stuur toe vir Moses om hulle uit Egipte uit te lei. Hy moes hulle na die land toe lei wat die Here lank gelede al vir hulle belowe het. Op pad na die nuwe land moes Moses die volk deur die woestyn lei. God het belowe om vir hulle te sorg.

(Wys die prent van die woestyn en verduidelik.)

Die woestyn was baie droog en warm en daar was omtrent geen kos nie. Daar was net sand. Maar God kan oral vir 'n mens sorg. Hy kan ook in die woestyn vir ons sorg.

In die woestyn het die volk begin kla omdat hulle honger was. Hulle het God se belofte vergeet, maar God het hulle nie vergeet nie. Elke dag het Hy vir hulle kos gestuur. Soggens het daar uit 'n wolk fyn korreltjies soos ryp geval. Hulle het dit opgetel en dit het so soet soos heuning geproe.

Saans het daar kwartels, 'n soort voël, op die grond kom sit, en hulle kon die voëls maklik vang. Dit was die vleis wat hulle geëet het. Elke gesin moes elke dag net genoeg manna bymekaar maak vir hul gesin vir die dag. Op die sesde dag moes hulle twee keer soveel manna optel, sodat hulle op die sewende dag kon rus. Die Here het vir 40 jaar lank op hierdie manier vir sy volk in die woestyn gesorg.

In Eksodus 16: 13-15 lees ons hoe die Here gesorg het: *Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg gekom en hulle het die hele kamp vol gesit. Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die kamp, en toe die wolk wegtrek, was die woestyn oortrek met fyn vlokkies soos ryp. Toe die Israëliete dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit dié?" want hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir hulle: "Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet."*

AANBIEDING

Jy het nodig

- Prente van 'n woestyn, 'n kwartel en 'n kruik.
- 'n Potlood.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed. Bid soos volg: *Dankie, Here, dat U vir my, my gesin en my maatjies sorg. Sorg asseblief ook vir die mense wat nie kos het nie. Help ou mense en maak siek mense gesond, asseblief. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders in hul boeke wys waar hulle die doolhof voltooi en die prent ingekleur het.
- Laat 'n paar kinders lees wat hulle geskryf het oor hoe hulle mekaar kan liefhê.
- Kontroleer of hulle die volgende ken:
 - Wie het saam met haar man en twee seuns hul eie land, mense en geloof verlaat omdat daar 'n groot hongersnood in hul land was? (*Naomi.*)
 - Met wie het haar twee seuns getrou? (*Met Orpa en Rut.*)
 - Wie van hulle is later dood? (*Naomi se man en seuns.*)
 - Wie het saam met Naomi teruggegaan na haar eie land, Juda? (*Rut.*)
 - Hoekom het Rut saamgegaan? (*Rut was lief vir haar gesin.*)
- Voltooi: Ons moet ook vir lief wees. (*ons gesin*)
- Hoe moet ons ons liefde bewys? (*Ons moet ons liefde bewys met wat ons doen.*)
- Laat van die kinders 1 Johannes 4: 7 opsê: *Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Wie kan vir my sê wat 'n woestyn is? Het julle al op TV of in fiekse gesien dat 'n woestyn net sand en sandduine is? Mense ry met moeite met 4x4-voertuie daar – en dis gevaarlik.

In die Bybelse tyd moes Moses die volk, groot en klein, deur 'n woestyn na 'n nuwe land laat trek.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel vir hulle die verhaal van die woestyntog. Die inligting is in 'n storienvorm gegiet en kan net so gebruik word.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Die Israëliete het baie swaar gekry in Egipte.
- Die Here het vir Moses gestuur om hulle uit Egipte uit te lei.
- In die woestyn was daar nie kos nie.
- Die volk het honger geword.
- Die Here stuur vir hulle manna en kwartels om te eet.
- God sorg vir hulle en wil hê dat hulle Hom moet vertrou.
- God voorsien hulle van kos vir elke dag.
- Hy vra gehoorsaamheid aan Hom.
- Ons moet ook gehoorsaam aan God wees.
- Ons moet ook op God vertrou, want Hy sorg ook vir ons.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die volgende in hul boeke voltooi deur die regte woord in te skryf:

- Die volk het deur die getrek. (vlakte / **woestyn**)
- Die volk was baie (gelukkig / **honger**)
- het vir die volk gesorg. (**God** / Farao)
- Die brood wat God gegee het, was (**manna** / mielies)
- Vir vleis het God gestuur (**kwartels** / hoenders)

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders die prent inkleur van hoe die volk die kos optel.
- Laat hulle twee maniere neerskryf waarop God vir hulle sorg.

○

○

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die Israelite het baie swaar gekry in Egipte.
- Die Here het vir Moses gestuur om hulle uit Egipte uit te lei.
- In die woestyn was daar nie kos nie.
- Die volk het honger geword.
- Die Here stuur vir hulle manna en kwartels om te eet.
- God sorg vir hulle en wil hê dat hulle Hom moet vertrou.
- God voorsien hulle van kos vir elke dag.
- Hy vra gehoorsaamheid aan Hom.
- Ons moet ook gehoorsaam aan God wees.
- Ons moet ook op God vertrou, want Hy sorg ook vir ons.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.